Skitter Akademie
Huiswerksentrum vir laerskoolkinders

Skitter Akademie huiswerksentrum is 'n gespesialiseerde sentrum waar kinders huiswerk doen en akademiese vaardighede ontwikkel, en is apart van die naskool vir kleuters.

Die hoofdoel van die huiswerksentrum is om selfstandigheid ten opsigte van akademiese aktiwiteite by leerders te ontwikkel in 'n gestruktureerde, genotvolle omgewing. Dit sluit onderrig in tydsbeplanning in tydens nie-eksamen kwartale.

'n Verdere doel van die Huiswerksemtrum is om gemoedsrus aan ouers te bied, waar hul kinders veilig en versorgd is terwyl huiswerk onder toesig van 'n gekwalifiseerde onderwyser gedoen word, en daar genoegsame individuele aandag aan elke kind gegee word.

Program na skool

Wanneer leerders van die skool af kom in die middae, word daar nadat hulle die beplanning vir die week gaan haal het, eers 3 klein opdragte uitgevoer, naamlik; Begripstoets in Engels en Afrikaans op die leerder se vlak en 'n hoofrekeninge Wiskunde toetsie. Die toetsies is nie lang toetse nie, so ongeveer 10 punte elk. Die doel van hierdie toetsies is om *lees-met-begrip* te ontwikkel, aangesien 'n gebrek aan *lees-met-begrip* die grootste probleem met die beantwoording van vraestelle is. Die begripstoetse sal nie net spelling en skryfwerk bevorder nie, maar ook die lees van vrae. Wiskunde hoofrekeninge oefeninge sal help om onnodige foute tydens toetse en eksamens uit te skakel, wat sal help met tydsbesparing tydens eksamens en toetse.

Nadat die toetsies afhandel is sal daar met die huiswerk, take en leerwerk begin word.

Algemeen

- Daar is 'n "boeke-snoepie", waar karton en ander basiese benodighede beskikbaar is vir skooltake.
- Daar is ligte verversings beskikbaar.
- Vakansieprogramme sal voor elke vakansie gefinaliseer word.

Vervoer:

Die volgende vervoer geleenthede is beskikbaar:

13:30 vanaf Laerskool Baanbreker
13:30 vanaf Laerskool Elspark
15:00 vanaf Laerskool Baanbreker en
15:00 vanaf Laerskool Elspark, deur die Skitter Akademie Personeel.

Koste beloop R900 per maand met 'n eenmalige registrasie fooi van R150